

# ONTSPANNE AFRIKAANS-WEES IN DIE NUWE (VEELTALIGE) SUID-AFRIKA.<sup>1</sup>

Hermann Giliomee

*(Departement van Politieke Wetenskap, Universiteit van Kaapstad.)*

## 1.

Om iets sinvol te sê oor die mense wat Afrikaans is in die nuwe Suid-Afrika is net moontlik as 'n mens dit benader in die gees van die ou oom wat elke aand gebied het: "Here, gee my die krag om die waarheid te soek, maar bewaar my van die mense wat dit reeds gevind het."

Die groot probleem met Afrikanerskap in die apartheidjare was dat daar soveel mense was, veral politici en akademici, wat reeds die waarheid gevind het. Hulle was so seker van wie en wat die Afrikaner was, wat sy uitdagings was en hoe die stryd om oorlewing gestry moes word.

Wat hierdie gewaande sekerheid gedoen het, was om van Afrikanerskap, veral in die hoogty van apartheid, 'n eng en dikwels verstikkende ruimte te maak. Om Afrikaner te wees, was om wit, konserwatief en streng gereformeerd te wees. Dit was om absoluut seker te wees dat die heil van almal in die land daarin geleë was om wit, bruin en swart van mekaar te skei.

Ek het altyd gewonder hoe hulle so seker kon wees oor die Afrikaner se identiteit en sy lewensuitkyk. Die term Afrikaner is in die geskiedenis op ten minste vier verskillende maniere gebruik. Die een wat die meeste voorkom, slaan op blanke Hollands- of Afrikaanssprekendes.

Maar daar was ook ander gebruike vir die term. Dit het in die agtiende en negentiende eeu ook geslaan op die beter geskoolde slawe en hul nasate wat ook as oorlamse bekend gestaan het. In 1830 definieer die eerste uitgawe van die eerste Afrikaanse koerant

**The English translation of this paper follows the Afrikaans version.**

Toespraak gehou voor die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging kongres, 15 Augustus, 1996.

Afrikaner as Hollands- en Engelssprekende koloniste wat die heil van Suid-Afrika voorop stel. Die jare voor die Jameson Raid het Cecil John Rhodes en sy volgelinge na hulself as John Bull Afrikaners en Anglo-Afrikaners verwys. Leiers soos Generaals Hertzog en Smuts en Dr Malan, wat groot geword het in hierdie era, het tot die derde dekade van hierdie eeu gepraat van Afrikaans- en Engelssprekende Afrikaners.

“Afrikaner” het ook soms bruin Afrikaanssprekendes ingesluit. Toe die Nasionale Party in die tien jaar na die Eerste Wêreldoorlog die Kleurlingstem probeer werf, het Kaapse Volksraadslede die term op hierdie wyse gebruik. J. H. H. de Waal, ook ‘n bekende vroeëre Afrikaanse skrywer, het in 1919 geskryf dat die Kleurlinge mense was “wat dieselfde taal praat, dieselfde liefde het vir Suid-Afrika, meesal dieselfde geskiedenis en belange het, om die bos gelei word deur dieselfde vriende en hulle in omtrent alle opsigte in dieselfde posisie bevind.” Hulle was in sy woorde “mede-Afrikaners”.

Daar was in die Afrikaners se geskiedenis nooit ‘n enkele lewensuitkyk nie en, met die uitsondering van die ideologie van segregasie en apartheid tussen 1936 en 1976, nooit ‘n dominante politieke dogma nie. Miskien die oorheersende politieke waarde was ‘n pragmatiese soeke na bondgenote. In die moeilike taak om as ‘n redelike klein groepie, ongeag hoe ‘n mens die term Afrikaner definieer, te kon oorleef, was bondgenote onontbeerlik.

Meestal was die bondgenote blanke Engelssprekendes, maar dit het na gelang van omstandighede gewissel. In die 1929 verkiesing is Genl. Hertzog deur Kaapse nasionaliste aangeraai om van sy ou bondgenote, die wit Arbeidersparty, af te sien en veel eerder op die Kleurlingstem te konsentreer.

Afrikaners het baie anders gedink oor die beste oorlewingstrategie voor die ideologiese gletser van segregasie en apartheid oor hul denke geskuif het. Nog in Hollands het Prof. N. J. Brummer in die 1918 uitgawe van die Gedenkboek van Victoria Kollege geskryf:

De Afrikaner is utilist. “Bruikbaar” is zijn geliefkoosd woord: een bruikbare kerel, een bruikbaar paard, een bruikbare plaats. Het woord “bruikbaar” heeft voor hem een zedelijk karakter. “Onbruikbaar” beteken zedelijk slecht. Niet “mooi” maar “bruikbaar” staat hem ‘t hoogst. Alles word beoordeeld naar zijn bruikbaarheid voor ‘t leven. By hem weegt karakter veel en de godsdienst

ook, omdat daaruit, naar zijn mening, 't karakter geboren wordt. Doch beide godsdienst en karakter worden op prijs gesteld omdat zij 't onderpand zijn van bruikbare mensen. De Afrikaner zal dus geen wetenskap zoeken om de wetenskap zelve, maar omdat zij hem van dienst kan zijn. Ook zijn vrijheidzin en zelfstandigheid ontleende hij aan omstandigheden die ze onmisbaar, maakten. Om zijn leven in dit land een sukses te maken, moet hij selfstandig optreden en vry handel.

Gepubliseer in 1918 is hierdie woorde 'n veel beter riglyn vir Afrikaanssprekendes om in hierdie land te oorleef as enigiets wat deur 'n apartheidsdenker geskryf is. Apartheid was juis die antitese van selfstandig optree en vry handel. Dit het die taak aan die staat oorgedra om te sorg dat die Afrikaners en Afrikaans oorleef. Apartheid wou dit doen deur 'n blanke politieke monopolie, verpligte moedertaal onderwys en die beskerming en verskansing van Afrikaans op talle ander maniere. Meer nog, apartheid wou mense vir eens en vir altyd in 'n bepaalde groep klassifiseer. As iemand eenmaal in 'n groep geklassifiseer is, kon hy en sy nooit daarvan ontsnap nie. Dit het 'n mens nie as 'n unieke individu nie, maar as 'n kategorie behandel.

Die definiëring en uitlewing van Afrikaner-kultuur en -identiteit tussen die jare veertig en tagtig was tydsgebonde. Dit was 'n vorm van politiek, as mens dit so wil noem, wat nie meer herhaal kan word nie.

Daardie soort van politiek het behels:

- \* omtrent al die politieke energie is aangewend vir die verowering en verdediging van 'n ras-en etnies-gedefinieerde staat;
- \* die grense van die Afrikaner is eng en eksklusief getrek: in die politieke wetenskap sê die teorie dat rigiede grense organisasiekoste laag hou;
- \* die aanname is gemaak dat daar 'n kollektiewe identiteit en kollektiewe belang by elke groep is en veral by die heersersgroep, die Afrikaners;
- \* die politieke styl was die van elite-politiek. Dit was die politieke en kulturele elite wat die groep, sy politieke belange en sy kultuur gedefinieer het en taalgenote gemarginaliseer het wat nie wou konformeer nie;
- \* alhoewel lippediens bewys is aan massa-organisasies op voetsoolvlak is hulle net as nuttig beskou in die mate wat hulle

by elite-politiek ingebind kon word en aan die elite se belange ondergeskik gemaak kon word.

Die gevolg van hierdie soort politiek is dat kultuur en volksidentiteit nie net politieke omstrede raak nie. Dit raak ook ingeryg in die korset van die establishment: dit raak geregimenteer en vervelig.

In die geval van die Afrikaners is elite-politiek amper tot die uiterste gevoer as 'n mens daaraan dink dat dit binne die konteks van demokrasie vir die blankes geskied het. Dit kom 'n lang pad. Reeds in die twintigerjare is die blanke werkers as klas deur die staat gekoopteer. Sakelui het gou die handperde van die regering geword. Op universiteite was die Broederbond-invloed van die vyftigerjare af deurslaggewend.

In die politiek is sommige van die mees deurslaggewende besluite aan enkele leiers oorgelaat. Die Afrikaners het hulle dit laat welgeval. In die sewentigerjare het 'n meningsopname bevind dat heelwat meer as 60% die leiers se besluite sou aanvaar selfs al verstaan hulle dit nie. Hoe ver is dit nie van Brummer se selfstandig optree en vry handel nie!

Die gevolg van die Afrikaner se elite-styl van politiek oor die afgelope 50 jaar was dat die oorgang na 'n demokrasie in Suid-Afrika uitgeloop het op 'n skikking tussen die swart elite en die Afrikaner-elite. Die blanke kiesers het geen opsie gehad behalwe om hierdie elite-skikking goed te keur nie. Hulle het in elk geval al lank die vermoë verloor om buite partyverband of stembusverband hulself politieke te laat geld.

Blanke kiesers moes die skikking aanvaar, net soos die sogenaamde burgers van Transkei in 1976 teen wil en dank onafhanklikheid moes aanvaar. Vestaan my goed, die Afrikaner-beheerde staat het stewig bly staan en daardie sin het die Afrikaner-elite vrywillig die mag afgestaan. Ideologies — en ek gebruik ideologies in 'n goeie sin as iets wat 'n bepaalde gemeenskap of politieke party saambind — het die Afrikaners egter 'n groot nederlaag gely waarvan hulle nog nie herstel het nie. Daar was (en is) geen samehangende stel waardes waarmee die eis vir swart bemagtiging en meerderheidsdominasie teengestaan kon word nie, veral nie omdat hierdie eis net-net met 'n nie-rassige kledjie gekamoefleer is.

Ek hoop nie my kommentaar klink na kritiek op die demokratiese skikking nie. Blankes moes op een of ander manier die mag afgee en dit is belangrik dat dit plaasgevind het binne 'n demokratiese raamwerk en 'n stewige staat as platform.

Daar kan egter sekerlik sterk kritiek ingebring word teen sekere aspekte van hierdie skikking. Die simplistiese stelling dat Suid-Afrika met sy diep klowe geskik is vir gewone meerderheidsregering (iets wat afhang van gereelde bewindsverwisselings) is in die laaste fase van die onderhandelings sonder slag of stoot aanvaar. Vandag word die illusie voor die kiesers gehou dat die ANC by die stembus verslaan kan word oor die kort tot medium termyn.

Erger nog is die wyse waarop die vorige bewind sy amptenare, veral die in die sekuriteitsmagte onbeskerm gelaat het en versuim het om enige wesentliche waarborg vir enkel-medium skole te verkry. Die weifelende bestuur van die onderhandelings, veral in die periode na Mei 1993, skep die indruk van 'n elite wat op die ou end sy oortuigings verloor en homself op politieke wensdenkery en lippeversekerings van die swart elite verlaat het.

## 2.

Afrikaners se verhouding met hul taal en kultuur is in 'n groot raaisel omhul. Lesersbriewe aan koerante en tydskrifte skep die indruk dat die hele Afrikaanse gemeenskap in opstand is oor die veronregting van hul taal en kultuur en dat hierdie gevoelens weldra een of ander politieke uiting sal kry.

'n Heeltemal ander prentjie kom egter na vore in meningsopnames waar mense op die voetsoolvlak van hulle kan laat hoor. In 1992 het Lawrence Schlemmer 'n meningsopname laat onderneem waarin Afrikaners gevra is om 'n rangorde op te stel van wat hulle as die vernaamste beginsel of beleid van hul party beskou. Afrikaners se prioriteite het nie verander sedert 1977 toe 'n soortgelyke opname onderneem is nie. Die toekomstige sekuriteit van blankes was eerste prioriteit, met 27%; gevolg deur billikheid teenoor alle rasse op 15% en morele standaarde op 7%. Taal en kultuur het agste gekom met 3%.

Vroeër vanjaar is 'n meningsopname deur die Volkstaatraad onder blankes in Pretoria onderneem. Daar is bevind dat 60% 'n volkstaat met sekere kwalifikasies sal ondersteun. Die response dui egter

terselfdertyd aan dat kulturele oorwegings geensins 'n prioriteit is nie. Die respondente se rangorde van probleme in die huidige politieke orde lyk soos volg:

- 1 Misdaad
- 2 Probleme in die ekonomie
- 3 Persoonlike sekuriteit
- 4 Regstellende aksie en die persepsie van diskriminasie teen blankes
- 5 Onderwysstandaarde
- 6 Bevolkingsgroei
- 7 Gesondheidsdienste
- 8 Taal en kulturele regte en geleenthede
- 9 Behuising
- 10 Ander

Die drie meningsopnames gee geen aanduiding dat mense op voetsoolvlak bekommerd is oor (of omgee vir) Afrikaans en die Afrikaanse kultuur nie. Dit is moontlik dat ander vræ 'n effens ander prentjie kan skep, maar ons sit nogtans met die raaisel waarom taal en kultuur so laag op die lys figureer.

Ons weet dat wit Afrikaanssprekendes 'n heelwat hoër etniese identifikasie as die ander blankes het, maar ook hier is die prentjie heelwat meer kompleks as wat die uitsprake van kultuur- en politieke leiers 'n mens sou laat vermoed. Uit die studie wat Elirea Bornman in Januarie 1994 in die (destydse) PWV-gebied onderneem het, blyk die volgende:

- in antwoord op die vraag hoe mense hulself identifiseer het 42% van blanke Afrikaanssprekendes gesê as "Afrikaners", 30% as "Suid-Afrikaners", en 26% as wit. Vir Engelssprekende blankes was die "etniese" respons, dws "Engels-sprekende Suid-Afrikaners", 28%;
- \* hoe beter Afrikaans-sprekende blankes opgevoed en gekwalifiseerd is, hoe minder is hulle geneig om hulle as Afrikaners te identifiseer;
- \* hoe meer Afrikaans-sprekendes hulself as Afrikaners identifiseer, hoe beter is hul selfbeeld. Met swartes is presies die omgekeerde die geval: hoe meer die etniese identifikasie hoe swakker die selfbeeld;
- \* persone wat die persepsie het dat daar onbillik teenoor Afrikaners opgetree word, is meer geneig om hulself as Afrikaners te identifiseer.

Hoe verklaar 'n mens die teenstelling in die boodskap van lesersbriewe en die voetsoolsentimente van meningsopnames? Dalk is briefskrywers 'n spesie op hul eie wat behalwe dat hul sterk oor die simboliese kwessies rondom Afrikaans voel ook as individue hul stem op 'n besondere wyse, en in die openbaar, wil laat hoor. 'n Mens kan egter nie sonder meer aannem dat die briefskrywers polities verteenwoordigend is nie. Veral die houding van die sogenaamde "bestes en slimstes" staan in skerp kontras met die lesersbriewe. Dit lyk of eersgenoemde bereid is om hul taal en etniese verbondenheid op die altare van werksgeleenthede en politieke korrektheid op te offer.

As dit geval is, is die gevaar vir Afrikaans nie die SABC of ANC nie, maar staan dit reg in ons midde. Dit is slegte nuus vir 'n gemeenskap as sy bolaag disintegreer en hy die mense verloor wat sy tradisie, geskiedenis en waardestelsel dinamies en nuut kan herinterpreteer. Sonder dinamiese vernuwing is kulturele oorlewing nie moontlik nie.

Dit kan egter ook wees dat briefskrywers vandag voel wat hul taalgenote, ook die sogenaamde geleerdes, eers môre sal besef. Dit is die besef dat wanneer 'n gemeenskap die simboliese stryd rondom taal-en kulturele regte verloor dit ook die stryd gewonne gee om die taal in die arbeidsmark en in die handel van deurslaggewende belang te maak.

'n Kultuur oorleef net as die gemeenskap wat daardeur gebind word as dit sowel emosionele bevreding as funksionele waarde bied. As die grootste gros mense in die gemeenskap hulle op misdaad en die ekonomie blindstaar, kan hul môre vind dat die taal al soveel markwaarde in die staatsdiens en handel verloor het dat dit nie meer die moeite werd is om dit in stand te hou nie.

Nietemin het die reponse van die meningsopname goeie nuus vir mense wat graag die Afrikaanse kultuur wil sien groei en floreer. Mense wat hulself as Afrikaners beskou, het 'n goeie selfbeeld. Klaarblyklik bied identifikasie met Afrikaans-wees aan mense in die stadsomgewing emosionele ondersteuning en sekuriteit. Wat nodig is, is 'n nuwe Afrikaanse leierskap en doeltreffende organisasie om hierdie mense te mobiliseer wat ook die weifelende "geleerdes" opnuut na hulself sal laat kyk.

**3.**

Organisasies soos die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) wat graag Afrikaans en die Afrikaanse kultuur wil sien oorleef, kan dus nie sommer goedsmoeds aanvaar dat Afrikaanstaliges oor 'n breë boeg hierdie waarde deel nie. Meningsopnames wys dat kulturele regte en geleenthede vir Afrikaners tans baie laag op die prioriteitslys is. Dit kan wees dat ouers in toenemende getalle goeie Engels-medium onderwys of selfs net Engels-medium onderwys bo Afrikaanse onderwys gaan eis.

Dit kan ook wees dat hulle bloot gerieflikheidshalwe net die taal as onderrigmedium vir hul kinders verkies, maar lou staan teenoor die kultuur en godsdiens wat gewoonlik met 'n taal verweef is. Die kinders van môre mag dan Afrikaans praat, maar sonder enige Afrikaanse identiteit.

Proteste oor die afwesigheid van Afrikaans op bierblikkies of die afskeepbehandeling op televisie kan voortduur, maar wat sê dit nou eintlik as daar agter daardie taal en kultuur nie 'n bepaalde lewens-en wêreldbeskouing staan wat deur die meeste mense in die taalgroep gedeel word nie.

Lord Milner het 'n eeu gelede besef dat sy stryd om die Afrikaners te verengels nie gewen kon word deur bloot in die skole Engels as die enigste medium af te dwing nie. Hy het geskryf: "Language is important, but the tone and spirit [of education] is even more important." Hy het vervolg: "A good world-history would be worth anything... Everything that cramps and confines their views to South Africa only makes for Afrikanerdom and further discord".

'n Kultuurgroep wat hoegenaamd nie weet en saamstem oor waar hy vandaan kom nie, kan nie hoop om saam êrens aan te kom nie.

Die nuwe regerende party is ten dele Milneriete. Milner was veel sekerder dat die Engelse taal en kultuur die hoogste en die beste in die wêreld was; die ANC daarenteen bevestig die belangrikheid van kulturele diversiteit. Hierdie bevestiging staan egter ondergeskik aan die ideaal om 'n enkele nasie te bou wat enige politieke verskille gebaseer op ras of etnisiteit sal uitwis.

Kyk ons na die Witskrif oor die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram lyk dit of die regering daarna streef om die ruimte vir kulturele diversiteit al minder te maak. In die plek daarvan moet 'n



individualistiese en tegnologiese identiteit van die ontwikkelde Westerse wêreld kom. Kultuur moet net funksioneer op die individuele en nasionale vlak, nie op die sub-nasionale vlak nie. Kinders kan wel Afrikaans-medium onderwys ontvang maar dan in dieselfde skool as waar ander kinders in 'n ander medium onderrig word. Op nasionale vlak kan almal die kulturele prestasies van die verskillende etniese groepe loof en eien.

Ons kry dieselfde in die Engelstalige pers. Individuele regte en nasiebou is al wat legitiem is. Groepe soos Afrikaners en tradisionele Zoeloes wat hulle unieke karakter wil beklemtoon met of sonder staatshulp word as apartheid relikwieë voorgestel of as bedreigings vir nasionale eenheid of as semi-komies.

Die nuwe politieke orde verabsoluteer die individu. Enige kollektiewe gedrag of groepsvorming behalwe klassemobilisasie is uit die bese. In die sin van die oorbeklemtoning van die individu en die begeerte om alle groeiverskille uit te wis, staan die ANC in die tradisie van die Jakobyne van die Franse Rewolusie. In 1789 het die Hertog Stanislas de Clermont-Tonnerre in die Nasionale Vergadering-debat oor die bestaande diskriminasie teen die Franse Jode verklaar: "Dit is nodig om die Jode as 'n nasie alles te ontsê en die Jode as individue alles te gun".

Die Jode moes dus 'n ruiltransaksie soortgelyk aan die van Faust maak: om hul kollektiewe identiteit op te offer in ruil vir volle regte as individuele burgers. Ons beweeg na dieselfde posisie in Suid-Afrika: min of niks sal aan Afrikaners gegun word as hulle as Afrikaners organiseer, byvoorbeeld oor onderwysaangeleenthede. Die kans is veel beter as hulle as veelrassige individue oor kulturele kwessies mobiliseer.

#### 4.

Vir Afrikaans en die Afrikaanse kultuur om in hierdie omstandighede te groei en te bloei, sal daar nuut gedink moet word oor die wyse waarop ons die taal en die kultuur wil bevorder. Laat my probeer om vyf oorlewingswenke vir Afrikaans te formuleer:

*1. Die tyd vir wit elite politiek, wit elite kultuur en wit onderwyspolitiek is onherroeplik verby.*

Die toekoms behoort onteenseglik aan Afrikaanse massa-organisasies soos die Afrikaanse Taal-en Kultuurvereniging wat

met sy 70 000 ingeskrewe lede. Die vraag is net of dit 'n groeiende proporsie bruin en swart Afrikaanssprekende lede kan trek op grond van sowel die soort kultuur wat hy voorstaan en die dienste wat hy aan sy lede bied. Die skeiding van die wit en bruin Afrikaanse onderwysersverenigings is 'n groot tragedie wat die saak van Afrikaans net kan skade aandoen. Dieselfde is waar van die voortgesette geskeidenheid op kerklike gebied.

## *2. Afrikaans-wees sal baie meer as in die verlede 'n identiteitskeuse wees.*

Die geskiedenis wat in die jare van apartheid aan ons kinders geleer is, het die konsep van gekosenheid sterk beklemtoon. God het mense tot Afrikaners gekose en die Afrikaners was gekose om die land te regeer. In teenstelling hiermee is die kenmerk van moderniteit die veelvuldigheid van keuses wat die individu kan maak. Daar is nie meer sprake van gekosenheid en gekosenes nie: mense is keuse-makers wat self hul eie identiteit kies. Hoe meer ontwikkel 'n bepaalde gemeenskap raak hoe meer is dit geneig om etniese identiteit nie meer sentraal in hul lewe en werk te laat figureer nie. Meningsopnames wys dat onder wit Afrikaanstaliges diegene met hoë opvoedings- en tegniese kwalifikasies minder geneig is om hulle as Afrikaners te identifiseer.

Die Afrikaanse kultuur het geen hoop om te oorleef as dit hoofsaaklik op die verlede terugkyk en staties en eenselwig bly nie. Die uitdaging is om 'n dinamiese identiteit te ontwikkel, een wat mense help om hul lewe beter te beheer en aanpassings te maak in die omstandighede van moderniteit en snelle verandering.

## *3. Die saak vir Afrikaans moet nie berus op sentiment of tradisie nie, maar op meriete en uitnemendheid.*

Die grondwet waarborg moedertaal onderwys en daar hou dit op. Skole sal meer as een medium hê en ouers sal kan kies in watter medium hul kinders onderrig sal ontvang. Afrikaanse ouers sal Afrikaans-medium net kies as hulle voel dat dit opvoedkundig verantwoordbaar is en dat in 'n bepaalde skool die beste onderrig deur die Afrikaans-medium stroom gebied word. Dit beteken dat die Afrikaanse toekoms afhang van talentvolle en begeesterde onderwysers en geesdriftige ouers op skoolbesture in ondersteunende hoedanigheid.

Kan ek in die verband wys op die ongelooflike vordering wat Afrikaans die afgelope paar jaar gemaak het op die gebied van die perswese deur die professionele gehalte van die koerante te verbeter en voorheen uitgeslote of verwaarloosde teikenmarkte te bereik. As koerante is *Rapport* en *Die Burger* tans aansienlik beter as hul Engelse eweknie en dat hulle slaag om te groei terwyl hulle hul gehalte bestendig verbeter. *Die Burger* het tans meer bruin as wit lesers en *Die Huisgenoot* is die grootste publikasie in die land.

Hierdie is prestasies wat niemand tien of twintig jaar gelede sou voorsien het nie. Ek het geen twyfel nie dat wanneer in geval van SAUK bankkroscap privatisering plaasvind die Afrikaanse private radio- en televisiestasies net so 'n groot sukses as die Afrikaanse perswese sal word nie.

#### *4. Die saak van Afrikaans gaan veel beter gedien word deur 'n beroep op universele beginsels eerder as seksionele aansprake*

In die politieke orde van vandag sal dit bitter min help om as Afrikaners eise te stel oor Afrikaans. Die nuwe strategie is veelrassige bondgenootskappe en die nuwe idioom is gemeenskaplike belange en universele beginsels.

Die saak van Afrikaans kan die beste gedien word deur twee universele beginsels voorop te stel, te wete veeltaligheid en moedertaal onderwys.

Kom ons kyk eers na veeltaligheid. Afrikaans is net soos Japanees 'n voorbeeld van 'n taal wat binne twee of drie geslagte van 'n relatief agterlike taal tot 'n medium vir die wetenskap, tegnologie en universiteite kon vorder. Van ons ander Afrikatale mag dieselfde paadjie wil loop. Afrikaans moet gereed staan om te help as hulp verlang word.

Meer nog, Afrikaans moet met Afrikatale saamstaan as die wit en swart elites Engels wil gebruik as 'n kode om kennis en vaardighede tot die middelklas te beperk. Universiteitsadministrateurs sal geleer moet word om tweekeer te dink voor hulle Engels as die enigste medium wil afdwing. In die Wes-Kaap word Afrikaans as huistaal gepraat deur 60% van die mense terwyl 'n verdere 20% Xhosa tuis praat.

Die oorweldigende meerderheid, seker meer as 90% van die

provinsie praat nie Engels tuis nie en moet 'n baie groot sprong maak om op universiteit Engels baas te raak. Daar is nog 38% bruinmense wat nog onder die minimum lewensstandaard leef en 'n mens kan aanneem dat die groot meerderheid van hulle Afrikaanssprekend is. Afrikaans is die medium wat 'n groot gros van die Wes-Kaapse arm mense kan bemagtig om die wêreld van die nywerheid, wetenskap en tegnologie te betree. Dit is wat Afrikaans vir die blanke arm Afrikaanssprekendes in die eerste helfte van die eeu gedoen het.

Hoekom kan daar nie 'n soepele beleid wees nie wat studente in al drie die Suidelike universiteite die reg kan laat behou om in Afrikaans hul verhandelings te skryf nie, terwyl dieselfde reg algaande aan ander Afrika-tale verleen word?

Daar is een grondwetbepaling (ek verneem die besturende direkteur van ATKV het 'n aansienlike hand hierin gehad) het wat die potensiaal het om 'n groot faktor vir die bemagtiging van Afrikaans te word. Dit lui dat geen owerheidvlak, nasionaal of provinsiaal, net een amptelike taal mag kies nie. Dit sal van Afrikaanssprekendes afhang om saam met Afrika-taal sprekers dit 'n lewende werklikheid te maak. Waarom kan staatsondersteunde inrigtings soos universiteite en tegnikons nie voor die uitdaging gestel word om 'n soepele voertaalbeleid binne die konteks van hierdie grondwetbepaling op te stel nie?

Dieselfde geld vir skole. Afrikaans het 'n bestaansreg nie in die eerste plek omdat 'n Afrikaner-minderheid daarop aanspraak maak nie, maar omdat dit 'n groot veelrassige gemeenskap van wit, bruin en swart sprekers dien. In die skole behoort Afrikaans-sprekendes die voortou te neem om van die beginsel van drietaligheid 'n werklikheid te maak. Afrikaans gaan net verloor as hy die ou tweetaligheidstryd met Engels wil voorsit. Die werklike keuse in die nuwe Suid-Afrika se skole is tussen eentaligheid en drietaligheid. Eentaligheid gaan al die ander tale behalwe Engels doodsmoor en 'n ramp vir die land wees, want soos Jan Spies 'n slag met verwysing na die Namibiese ervaring opgemerk het: "n Veeltaligheid wat tot eentaligheid lei, loop uit op geentaligheid." Of om die bekende woorde van Skutnabb-Kangas aan te haal "Enkeltaligheid is 'n psigologiese eiland, dit is 'n ideologiese kramp, dit is 'n siekte wat so gou as moontlik uitgewis moet word, dit is gevaarlik vir wêreldvrede, dit is 'n refleksie van taalmoord".

Die grootste potensiaal vir Afrikaans lê in die benutting van veeltaligheid as grondwet- en opvoedkundige beginsel.

Die ander universele beginsel waarop Afrikaanssprekendes hulle kan beroep, is die superieure opvoedkundige waarde van moedertaalonderwys. Wanneer Afrikaanse ouers hul kinders na Engelse skole stuur, behoort die verwyte nie te wees dat hulle swak Afrikaners is nie, maar swak pedagoë. Ek wil graag die werk *Multilingual Education for South Africa* aanbeveel wat pas verskyn het. Dit is opgestel deur die "Project for the Study of Alternative Education in South Africa" en die "National Language Project" wat albei onder Dr Neville Alexander as direkteur staan.

In hul hoofstukke maak Alexander en Gerda de Klerk dit duidelik hoe nadelig dit is vir kinders met 'n ander huistaal om aan op skool "slawe van Engels" te raak. Om sulke kinders te verplig om van die begin van hul skooljare Engels as voertaal te gebruik, is nie eens die beste manier om Engels te leer nie! Die getuigenis uit internasionale ervaring is dat sulke kinders in hul vierde skooljaar probleme begin ondervind en al meer 'n agterstand ontwikkel ten opsigte van kinders wat hul huistaal as voertaal het. Die groot les is dat 'n mens nie moet probeer om 'n kind dwing om gelyktydig 'n ander taal aan te leer en die abstrakter deel van skoolwerk baas te raak nie. Dit is veel beter vir die kind om stelselmatig die veeleisende en abstrakte deel van skoolwerk baas te raak en met dit as basis 'n ander taal teen 'n natuurlike pas aan te leer.

David Ramirez, 'n Kaliforniese spesialis in tweetalige onderwys, maak die stelling dat taalvaardighede in sowel 'n huistaal as tweede taal die beste wortel skiet as dit teen 'n teen 'n eie pas ontwikkel met die huistaal as skoolvoertaal. Hy illustreer dit met die voorbeeld van koekbak: As die reseptevoorskrif dat die koek teen een uur lank teen 'n 180 grade gebak word, kan jy nie die proses bespoedig deur dit 'n halfuur te bak teen 360 grade nie. Dit sal rou wees in die middel en gebrand aan die buitekant. Dieselfde geld vir taal: jy kan nie die proses bespoedig waardeur kinders 'n tweede taal aanleer nie. Om terug te kom na die koek: gebruik eerder die huistaal aangesien dit 'n geruime tyd al in die oond was teen 180 grade.

As Afrikaanse ouers van kleins af hul kinders na Engelse skole stuur om Engels baas te raak moet daar nie vir hulle gese word dat hulle swak Afrikaners is nie. Sê gewoon vir hulle dat hulle swak pedagoë is.

---

## *5. Om te oorleef, sal Afrikaans-sprekendes as 'n gemeenskap hul grense so ruim as moontlik moet trek*

Die Afrikaner-elite tussen die jare 1930 en 1990 het die grense eng getrek: die groep was wit, Protestants en konserwatief. Interessant genoeg het 'n meningsopname van 1977 getoon dat wit Afrikaanstaliges op voetsoolvlak hierdie definisie verwerp. Meer as die helfte het bruin Afrikaanssprekendes as Afrikaners beskou. Maar vorm wit, bruin en swart Afrikaanssprekendes 'n gemeenskap? 'n Volk? Om 'n gemeenskap te wees (of te word), moet lede al meer voel dat hulle iets deel wat hulle onderskei van ander groepe in die samelewing, iets wat swaarder weeg as die eienskap wat hulle met ander groepe deel.

Gewoonlik is die vonk wat hierdie gevoel van "saamwees", van "behoort" aan die gang kry die persepsie van 'n gemeenskaplike bedreiging of 'n gedeelde onreg. Om hierdie bedreiging te beveg en onreg te bestry, moet die groep 'n besef van sy historiese wortels ontwikkel en sy historiese prestasies. 'n Organisasie moet uit die gemeenskap ontwikkel met sy eie reëls, sy eie leiers en sy eie spreekbuis.

Ons maak 'n fout as ons dink dat die uitdaging is om alle Afrikaners weer in een beweging saam te kry wat dan eise namens 'n minderheidsgroep stel. Afrikaners is te weerbarstig daarvoor en buitendien is ons nie 'n minderheidsgroep nie, maar 'n gewese heersersgroep. 'n Minderheid in die oorspronklike definisie is 'n groep wat op grond van sy geboorte of geloof oor baie geslagte diskriminasie ervaar het. Die Jode in Europa of die swartes in die VSA is goeie voorbeelde.

Die Afrikaners val nie in hierdie kategorie nie. Albie Sachs het dit reeds baie duidelik in die Konstitusionele Hof uitgespel en ek dink hy is reg. Al kwalifikasie wat ek aan sy uitspraak wil heg, is dat daar nie teen 'n groep gediskrimineer mag word omdat dit voorheen in 'n dominante posisie was nie. As dit erken word, laat dit die deur vir Afrikaanssprekendes oop om op ander grond (byvoorbeeld veeltaligheid en moedertaalonderrig) regte te eis en aansprake te maak.

Maar hierdie regte sal net effektief afgedwing kan word as daar 'n doeltreffende nie-politiese organisasie is. Die uitdaging moet wees om alle Afrikaanssprekendes in 'n soepele beweging te organiseer. Die einddoel moet iets wees soos die totstandkoming van iets

soortgelyks as die Joodse Raad van Afgevaardigdes. In 'n nie-rassige Afrikaanse Raad van Afgevaardigdes (AFRA) moet hoofsaaklik wit, hoofsaaklik bruin en hoofsaaklik swart bewegings ewe tuis voel.

So 'n beweging het die potensiaal om met 'n magtige stem oor sake soos die veronregting van Afrikaans of oor ondeurdagte vorme van regstellende aksie te spreek. Dit kan die koopkrag van die magtigste blok in die land mobiliseer. Prof Jan Sadie het bevind dat 36% van die persoonlike inkomste in die land na mense met Afrikaans as huistaal gaan teenoor 34% vir diegene met Engels as huistaal. 'n Reklamemaatskappy het pas bevind dat twee-derdes van die persone in die A en B advertensiekategorie Afrikaans as huistaal het. Onlangs het 'n lugdiens botweg geweier om Afrikaanse koerante aan sy kliënte gratis te verskaf soos wat hy met Engelse koerante doen. Dink net wat 'n behoorlik georganiseerde AFRA in reaksie hieraan kan doen.

Maar om net aan 'n AFRA te dink, is om die kar voor die perde te span. Die heel eerste taak is om uit te vind hoekom die Afrikaners so min bekommerd is oor taal- en kulturele regte. Daar moet deeglik vasgestel word of Afrikaanssprekendes werklik genoeg nie-rassige waardes deel om so 'n beweging en organisasie te regverdig. Die tweede taak is om orals oor die land ouers te organiseer rondom die onbetwiste pedagogiese beginsel dat moedertaalonderwys die beste is vir die kind.

Die derde taak is om onderwysers te besiel om Afrikaanse onderrig die beste moedertaalonderrig te maak. Die vierde taak is vir Afrikaanse onderwysers en universiteitsdosente om saam te besin oor watter geskiedenis oor Afrikaanses daar op skoolvlak aangebied gaan word om die kernleerplanne aan te vul. Ek wil voorspel dat van bruin kant daar 'n geregverdigde aandrang sal wees op groter aandag vir die Khoisan en die slawe.

As ons al hierdie dinge in 'n positiewe gees aanpak, wag 'n opwindende toekoms vir mense wat Afrikaans is. Daar is een vyand: defaitisme wat spruit uit klein geloof en klein trou. Die grondslag waarop alles moet rus is bruikbaarheid en die vermoë om mense te bemagtig. Om Prof Brummer te parafraseer: Afrikaans is bruikbaar — bruikbaar vir sy eie mense, bruikbaar vir die hele land.